Besoek www.litnet.co.za vir gratis skole-inhoud.

# AFRIKAANS (EERSTE ADDISIONELE TAAL)

GRAAD 10

NOVEMBER EKSAMEN

VRAESTEL 1

PUNTE: 80

TYD: 2 UUR

**Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE VERPLIGTE afdelings.
   AFDELING A: Leesbegrip (30)
   AFDELING B: Opsomming (10)
   AFDELING C: Taalstrukture en -konvensies (40)

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

4. Trek 'n streep na elke afdeling.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat ’n reël oop na ELKE antwoord.

7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1: ARTIKEL

Lees die artikel hier onder en beantwoord die vrae wat volg.

### TEKS A

# *Laaitie van De Aar se rugbydroom kry vlerke*

**20 Julie 2025**
**Carl Koch**

1 Vir Eliah Rapuling is rugby ’n ontvlugting van die pyn en verlies wat hy reeds op ’n jong ouderdom ervaar het, en die droom vir ’n rugbyloopbaan het reeds op ’n jong ouderdom vlamgevat.

2 ’n 12-jarige rugbyspeler van De Aar is een tree nader aan sy Springbokdroom nadat hy gekies is om Desember aan ’n gesogte internasionale toernooi in Italië deel te neem.

3 Eliah is die oudste van drie kinders. Sy broer, Luca (9), en sussie, Isabella, is albei met hartkwale gebore. Sy sussie is in 2020 op net sewe maande oorlede, op sy ma Marcia se verjaarsdag. Hy was maar net ses jaar oud en moes sy eie pad vind om die verlies te verwerk. Rugby het vir hom ’n veilige hawe geword en ’n veld is ’n plek waar hy kon groei, floreer en genees.

4 Luca moes op die ouderdom van agt maande ’n operasie ondergaan, maar het genoegsaam herstel om ook rugby te kan speel.

5 Eliah se skopvernuf (*kicking ability*) is tydens ’n onder 12-rugbytoernooi in Junie raakgesien toe hy vir die Griekwas in Klerksdorp uitgedraf het. ’n Paar weke later is hy ingelig dat hy by die Italië-rugbytoergroep ingesluit is wat in Desember vir ’n week lank in Parma sal tuisgaan. Dié toer is deur Blue Runnings Sport International gereël, ’n organisasie wat die ontwikkeling van jong atlete bevorder.

6 Dit kos R96 000 en sy ouers sê hulle gaan alles in hul vermoë doen om die droom ’n werklikheid te maak.

7 “Dit is ’n geleentheid waarvoor ek hard gewerk het. Dit gee my ook die kans om internasionale blootstelling te kry. Soos ek na die foto’s van Italië kyk, raak ek by die dag meer opgewonde. Die tyd moet vinnig vlieg.”

8 Sy pa, Ebrahim, self nog ’n rugbyspeler by ’n plaaslike klub in De Aar, het vir Eliah alles van die sport geleer. “Van kleins af het ek naweek na naweek langs die veld my pa dopgehou. Behalwe vir mamma, is my pa een van my grootste ondersteuners.”

9 Die jong man is verlede jaar as sy skool se agste speler van die jaar aangewys en het die onder 7-, onder 9- en onder 11-span as kaptein aangevoer – 'n bewys van sy toewyding, leierskap en sportmangees.

10 Hy kan ook binnesenter speel, maar sy voorkeurposisie (*preferred position*) is op losskakel (*fly-half*) en wanneer hy 'n moeilike skop deur die pale moet klits, haal hy 'n paar keer diep asem. "Dit is 'n stresvolle posisie. Soos ons almal teen die tyd weet, is 'n skop 'n maak of breek. Ek stres al hoe minder oor my skopwerk en skop al hoe beter vanuit die hoekie uit."

11 Hy wil graag eendag met sy rugbyhelde soos Handré Pollard en Damian Willemse bladskud. "Dit sal die coolste ding ooit wees."

**[Verwerk uit bron: Maroela Media]**

**LET WEL:**

- Beantwoord AL die vrae.
- Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

1.1 "Laaitie van De Aar se rugbydrome kry vlerke."

1.1.1 Word hierdie woorde LETTERLIK of FIGUURLIK bedoel? (1)

1.1.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.1.1. (1)

1.2 Deur wie word hierdie artikel geskryf? (1)

1.3 Watter tipe sport speel Eliah Rapuling? (1)

1.4 LEES PARAGRAAF 1.

1.4.1 Waarom kan hierdie sport as ontvlugting gesien word? (1)

1.4.2 Wat doen jy gewoonlik as jy hartseer ervaar? (1)

1.5 LEES PARAGRAAF 2.

1.5.1 Motiveer waarom die volgende stelling ONWAAR is.

"Die seun van De Aar is 14 jaar oud." (1)

1.5.2 Waar vind die internasionale rugbytoernooi plaas waaraan hy gaan deelneem? (1)

1.5.3 Wat is die naam van Suid-Afrika se nasionale rugbyspan? (1)

1.6 Wat beteken dit om met 'n "hartkwaal" gebore te word? (1)

1.7 Hoe oud was Eliah se suster toe sy afsterf? (1)

1.8 VOLTOOI die sin hier onder deur woorde uit paragraaf 4 in te vul.

Luca moes op die ouderdom van (1.9.1) ... maande gaan vir 'n (1.9.2) ... (2)

1.9 LEES PARAGRAAF 5.

1.9.1 Waar het hulle vir Eliah geïdentifiseer as 'n goeie speler? (1)

1.9.2 Hoe lank gaan die toernooi wees? (1)

1.10 LEES WEER PARAGRAAF 6.

"Dit kos R96 000 en sy ouers sê hulle gaan alles in hul vermoë doen om die droom 'n werklikheid te maak."

1.10.1 Dink jy ouers moet so baie geld betaal as kinders die land verteenwoordig? MOTIVEER jou antwoord. (1)

1.10.2 Wat kan Eliah se ouers doen om die fondse in te samel? Noem TWEE dinge. (2)

1.11 Kies ’n beskrywing uit KOLOM B wat by die persoon in KOLOM A pas. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.11.1 tot 1.11.3) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.11.1 Ebrahim | A Die organisasie wat help om sport te bevorder in arm gemeenskappe. |
| 1.11.2 Parma | B Die pa van Eliah Rapuling. |
| 1.11.3 Blue Runnings Sport International | C Stad in Italië. |
| | D Die broer van Puma. |

(3X1) (3)

1.12 Noem EEN rugbyspeler UIT DIE TEKS na wie Eliah opkyk. (1)

1.13 ’n Kind wat in armoede grootword het altyd min geleenthede om ’n sukses van hom-/haarself te maak.

1.13.1 Watter les kan ons leer by iemand soos Eliah? Noem EEN ding. (1)

1.13.2 Watter rol dink jy moet ouers speel om hulle kinders se sport te bevorder? (1)

**TEKS B**

Bestudeer die grafiese teks hier onder en beantwoord die vrae wat volg.




[Verwerk en aangepas uit Canva, 2025]

1.14 Waaroor handel hierdie grafiese teks? (1)

1.15 Noem TWEE soorte selfone wat in die grafiek aangedui word. (2)

1.16 Watter bewyse is daar in die grafiese teks dat die navorsing in Suid-Afrika gedoen is? (1)

1.17 Waarom dink jy is die iPhone die gewildste foon? (1)

1.18 Dink jy kinders van 16 behoort soveel geld aan lugtyd te spandeer? MOTIVEER jou antwoord. (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

Lees die teks hier onder en voer die instruksies uit.

### VRAAG 2

Self-respek is uiters belangrik voordat jy aan ander respek wys.

### INSTRUKSIES

1. Som die SEWE wenke HOE OM JOUSELF TE RESPEKTEER in jou EIE VOLSINNE op.
2. Skryf die wenke puntsgewys neer.
3. Laat ’n reël oop na elke wenk.
4. Nommer die wenke van 1 tot 7.
5. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
6. Dui die korrekte aantal woorde aan die einde van die opsomming aan.

### TEKS C

**Hoe om jouself te respekteer**

Selfrespek begin by die manier waarop jy oor jouself dink en hoe jy jouself behandel. As jy glo dat jy belangrik is en dat jou stem saak maak, sal jy ook maniere vind om dit in jou daaglikse lewe te wys.

Een manier om jouself te respekteer, is deur grense te stel. Jy hoef nie altyd “ja” te sê net om ander gelukkig te maak nie. As jy voel iets is verkeerd of nie reg vir jou nie, het jy die reg om “nee” te sê. Dit wys dat jy jou tyd, jou gevoelens en jou gesondheid ernstig opneem.

Nog ’n manier is om vir jou liggaam en gees te sorg. Eet gesond, kry genoeg slaap en oefen gereeld. Dit wys dat jy glo jou liggaam verdien die beste. Moet ook nie jouself vergelyk met ander nie. Elkeen het sy eie sterkpunte en swakpunte. Jy hoef nie iemand anders se pad te loop om suksesvol te wees nie.

Respek vir jouself beteken ook dat jy jou foute erken, maar nie daar vassteek nie. Leer daaruit en probeer beter doen volgende keer.

As jy goed presteer het, vier dit. Selfs klein oorwinnings, soos om ’n taak betyds klaar te maak, is rede om trots te wees.

Wanneer jy jouself respekteer, sal ander mense dit ook raaksien en jou met meer respek behandel. Onthou: Jy is waardevol, jy is uniek en jy verdien om goed behandel te word – veral deur jouself.

[Aangepas en verwerk uit vorige vraestel, graad 10 Afrikaans, Maart 2022]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

## VRAAG 3: ADVERTENSIE

**TEKS D**




[Verwerk en aangepas deur Canva: Amardien, F. 2025]

3.1 Watter produk word hier geadverteer? (1)

3.2 Wie is die teikengroep in hierdie advertensie? (1)

3.3 Hierdie skoen kan by enige winkel gekoop word.

3.3.1 MOTIVEER waarom die stelling ONWAAR is. (1)

3.4 Skryf die AFKORTING tussen hakies voluit. (1)

Slegs vir (R) 2300.

3.5 Watter inligting in die advertensie MANIPULEER die leser om die produk te koop? (1)

3.6 Kies waarom die adverteerder die woorde "**Beperkte voorraad**" gebruik.
Skryf die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.6) neer.

Hy wil hê die leser moet ... koop.

A meer as skoene
B dadelik skoene gaan
C die duurste skoene gaan
D die skoene met die meeste funksies (1)

3.7 Gee die MEERVOUDSVORM van die woord tussen hakies.

By die (winkel). (1)

3.8 Watter sosiale media-platforms kan jy vir meer inligting besoek? (1)

3.9 Dink jy dat dit nodig is dat skoene so duur moet wees? MOTIVEER jou antwoord. (1)

3.10 Wat is jou gunstelinghandelsmerk om te dra, behalwe Nike? (1)

**[10]**

**VRAAG 4: STROKIESPRENT**

- Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent (TEKS E) hier onder gebaseer.
- Die nommering in die strokiesprent verwys na die nommer van die vraag wat beantwoord moet word.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

**TEKS E**




[Verwerk uit bron: Pinterest]

4.1 Vul die ontbrekende VOORNAAMWOORD in.

Die seun kyk na ... selfoon. (1)

4.2 Op watter TWEE MANIERE word Zits se vraag in RAAMPIE 3 beklemtoon? (2)

4.3 Watter VISUELE BEWYSE is daar in RAAMPIE 4 dat Zits kwaad is vir sy ma? (1)

4.4 Skryf die sin hier onder in die INDIREKTE REDE.

Weet ma altyd die waarheid?

**Begin so:** Zits vra (1)

4.5 Wat doen Zits se pa in RAAMPIE 6 wat dit duidelik maak dat hy nie sy volle aandag aan die vraag gee nie? (1)

4.6 Skryf die sin hier onder oor as ʼn STELSIN.

Gaan jy na ʼn partytjie toe? (1)

4.7 Kies die KORREKTE ANTWOORD om die sin mee te voltooi. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (7.7) neer.

Om te sê dat alle tieners skelm uitgaan is ʼn voorbeeld van ...

A feminisme
B manipulasie
C diskriminasie
D stereotipering (1)

4.8 Kyk na RAAMPIE 6.
Gee ʼn SINONIEM vir die woord tussen hakies (jok). (1)

4.9 Dink jy dit is reg dat kinders vir hul ouers jok en skelm uitgaan? (1)

**[10]**

**VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT**

- Die taalvrae wat volg, is op die artikel **(TEKS F)** en prent **(TEKS G)** hier onder gebaseer.
- Die nommering in die artikel verwys na die nommer van die vraag wat beantwoord moet word.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

5.1. Lees die artikel en beantwoord die vrae.

**TEKS F: ARTIKEL**

***Die Bonteheuwel***
***(Hoofstuk 2)***

Ons skool is een van die beste in die Bonteheuwel. Ek was maar gelukkig toe hulle drie leerders kies vir ’n akademiese beurs.

Die klok (5.1.1) (lui) uiteindelik vir die akademiese dag om te eindig. Die leerders is almal (5.1.2) (opgewonde), want normaalweg op ’n (5.1.3) (Ma.) is almal moeg. Arme Charlene wat die hoofmeisie is, het hulle laat val. Party van die graad 12-seuns het dit gedoen. Die hele skool het net gestaan en lag toe sy haar hande afvee en bril weer (5.1.4) (aan+sit).

(5.1.5) Ek en Manny het mekaar gegroet. Ons eie rigtings huis toe geloop.

Ek kom uiteindelik by (5.1.6) (...) huis en ek sien my familie in die jaat besig om te braai. (5.1.7) (Alles lyk so gesellig). “It gan darem lekker hierso!” skree ek terwyl hulle lag vir een van my pa se (5.1.8) (grape/grappe). Hy is altyd die een wat soos ’n komediant wil wees.

“Ja, ons het van Aunty Gabieba se vleis gekry,” sê my ma. (5.1.10) (“Hulle het ’n skaap (5.1.9) (geslag) vir haar kind se (5.1.11) (een) verjaarsdag.”)

Ek (5.1.12) (glimlag) van binne, omdat ek my familie sien (5.1.13) (gelukkig) wees met die klein bietjie wat ons het. In daardie oomblik was dit net genoeg. (5.1.14) (Ek) het niks meer benodig. Ek het net my sak gaan neersit en by hulle aangesluit.

[Verwerk en aangepas uit Kaaps uit jeugroman: *Life is ’n biets*]

5.1.1 Gebruik die HOMONIEM van die woord tussen hakies in 'n sin sodat die betekenis duidelik blyk.

Die klok (lui) uiteindelik. (1)

5.1.2 Gee die TEENOORGESTELDE van die woord tussen hakies.

Die leerders is almal (opgewonde). (1)

5.1.3 Skryf die AFKORTING voluit tussen hakies.

Op 'n (Ma.) is almal moeg. (1)

5.1.4 Gee die SAMESTELLING van die woord tussen hakies.

Haar hande afvee en bril weer (aan+sit). (1)

5.1.5 Gebruik die VOEGWOORD tussen hakies om die twee sinne te verbind.

Ek en Manny het mekaar gegroet. Ons eie rigtings huis toe geloop. (Maar) (1)

5.1.6 Vul die korrekte LIDWOORD in om die sin te voltooi.

Ek kom uiteindelik by (...) huis. (1)

5.1.7 Skryf die volgende sin in die VERLEDE TYD.

Alles lyk so gesellig. (1)

5.1.8 Kies die KORREKTE WOORD tussen hakies.

Terwyl hulle lag vir een van my pa se (grape/grappe). (1)

5.1.9 Verdeel die woord tussen hakies korrek in LETTERGREPE.

Hulle het 'n skaap (geslag). (1)

5.1.10 Skryf die sin in die LYDENDE VORM.

(Hulle het 'n skaap geslag vir haar kind.) (1)

5.1.11 Gee die KORREKTE VORM van die woord tussen hakies.

Haar kind se (een) verjaarsdag. (1)

5.1.12 Gee die VERKLEININGSVORM vir die woord tussen hakies.

Ek (glimlag) van binne. (1)

5.1.13 Gee die INTENSIEWE VORM vir die woord tussen hakies.

Ek sien my familie is (gelukkig). (1)

5.1.14 Benoem die VOORNAAMWOORD tussen hakies.

(Ek) het niks meer benodig. (1)

**[14]**

5.2. Kyk na die prent en beantwoord die vrae.

**TEKS G**



[Verwerk uit Canva, 2025]

5.2.1 Gee EEN WOORD vir kinders wat skoolgaan. (1)

5.2.2 Gee die KORREKTE AFRIKAANS vir die woord tussen hakies.

Die meisie en seun dra ’n wit (*shirt*). (1)

5.2.3 Voltooi die sin met die KORREKTE VOORSETSEL.

Hulle sit met ’n boek ... hulle (1)

5.2.4 RANGSKIK die volgende sin in die KORREKTE WOORDORDE.

lees / drie / in / leerders / die / biblioteek / saam. (1)

5.2.5 Kies die korrekte DEELWOORD tussen hakies.

’n (Lag / Laggende) meisie hou die boek vas. (1)

5.2.6 Gee die VERGROTENDE TRAP van die woord tussen hakies.

Die seun se hemp is (wit) as die dogter s’n. (1)

**[20]**
**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 80**